19.

NOTULE

VAN 'N

BUITENGEWONE VERGADERING

VAN DIE

Sinode

VAN DIE

Ned. Geref. Kerk

VAN

NOORD-TRANSVAAL

PRETORIA
27 APRIL 1978

284
268
205
NE
NTI

ACTA SIN
220

NOTULE

VAN DIE VERGADERING

VAN DIE

BUITENGEWONE SINODE

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

NOORD-TRANSVAAL

27 APRIL 1978 09H30

KERKGEBOU UNIVERSITEITSOORD

****

1. OPENING

Die Moderator, ds. JE Potgieter, lees uit Ex. 33. Hy praat veral oor vers 15.

"As U nie self meegaan nie, laat ons dan nie hiervandaan optrek nie."

Die Sinode het by 'n kruispad gekom. Daarom is die be= sondere leiding van die Here só nodig.

Dit blyk uit die gelese gedeelte dat daar destyds 'n pro= bleem was tussen die volk en God. Daarom tree Moses vir die volk in by God. God laat Hom verbid. Hy stel sy engel beskikbaar om saam met die volk te gaan. Daarmee is Moses egter nie tevrede nie. God moet self saamgaan. Hy wil nie die twyfel in sy hart hê of God nog met sy volk is nie.

Ons, as Kerk, wil ook nie net God se seën en gawes hê nie. Ons wil Homself in Jesus Christus hê. Hy moet self met ons meegaan.

Dit moet ons oortuiging wees - ook vir die besluite van vandag. Die Here moet self met ons meegaan.

Die Assessor, dr. GJ Davidtsz, gaan voor in gebed nadat uit Ps. 33 gesing is.

2/.....

2. KONSTITUERING

Die volgende 3 stukke word ter tafel geneem:-

1. Die lys van afgevaardigdes volgens die geloofsbriewe van die Sinode van Oktober 1975.

2. 'n Stuk: Wysigings en Aanvullings van die afvaardi= ging na die Buitengewone Sinode, soos gereedgemaak deur die skriba op grond van nuwe geloofsbriewe wat ontvang is - d.w.s. waar die vorige afvaardiging ver= ander het.

3. 'n Lys van veranderings op grond van veranderings in geloofsbriewe wat pas voor die vergadering ontvang is en wat deur die skriba voorgedra word.

Op grond van hierdie stukke word soos volg gekonstitueer:-

3. Bepaling van Sittingsure

Dit word goedgekeur soos in die "Ordereëlings" voorgelê (bl. 3).

Die ander punte van die Ordereëlings word ook goedgekeur.

Op hierdie stadium word verdaag vir tee en verversings.

4. VERSLAG VAN AD HOC-ONDERSOEKKOMMISSIE INSAKE MOONTLIKE VERDELING EN DIE SINODALE SENTRUM

Die verslag soos in die Agendaboek kom aan die orde.

Voordat dit behandel word, word die aanbevelings van die Sinodale Kommissie wat die vorige dag vergader het, eers behandel, nl.

"1. Ter wille van volledigheid word meegaande Bylae B4, nl.

Minderheidsverslag t.o.v. aanbeveling van die Subkommissie Synodus Contracta van die Ad Hoc-ondersoekkommissie i/s moontlike verdeling van die Sinode van Noord-Transvaal - Ds. NJ Mostert,

by die verslag van die Ad Hoc-ondersoekkommissie ge= voeg vir kennisname deur die Sinode."

Hierdie "Minderheidsverslag" word uitgedeel en van kennis geneem.

2. Die Sinodale Kommissie besluit om Aanbevelings B1, 2, 3 en 4 (op bll. 29-41 van die Agendaboek) van die Ad Hoc-ondersoekkommissie i/s moontlike verdeling van die Sinode, te ondersteun en beveel dit aan vir goedkeuring deur die Buitengewone Sinodesitting van Noord-Transvaal op 27 April 1978.

Kennis geneem.

3. Die bykomende beskrywingspunt wat na die Algemene Sinode opgestuur moet word, word hierby aangeheg.

Die beskrywingspunt word uitgedeel.

4. Verdere aanbeveling

Die Sinodale Kommissie beveel aan dat die verslag van die Sinodale Begrotingskommissie insake 'n gewysigde basis van punteberekening deur die Buitengewone Sinode behandel word.

Nota: Die SK het hierdie besluit reeds in November 1976 geneem sodat die nuwe basis reeds vir 1979 in ge= bruik gestel kan word.

Goedgekeur.

A. VIR KENNISNAME

1. Inleiding.

Kennis geneem.

2. Opdrag

Kennis geneem.

3. Konstituering

Kennis geneem.

4. Werksmetode

4.1 Subkommissie i/s Geografiese verdeling van Sinodes (bl. 14)

Kennis geneem.

4.2 Subkommissie i/s die moontlikheid van verklaring van die afvaardiging van die Sinode en/of wysiging van die werkswyse van die Sinode (bl. 14)

Kennis geneem.

4.3 Subkommissie om Kerkregtelike en Privaatregtelike advies in te win (bl. 15)

Kennis geneem.

4.4 Samespreking met verteenwoordigers van die Sinodes van Wes-Transvaal, Suid-Transvaal en Midde-Afrika

Kennis geneem.

4.5 Subkommissie i/s Ekumeniese aangeleenthede

Kennis geneem.

4.6 Subkommissie i/s noodsaaklike reëlings tussen Sinodes na hergroepering

Kennis geneem.

4.7 Subkommissie i/s Finansiële reëlings

Kennis geneem.

5. Voorlopige stappe i/s Sinodale Sentrum (bl. 17)

Kennis geneem.

6. Huidige stand van sake (bl. 18)

Kennis geneem.

7. Chronologiese volgorde van stappe wat gevolg moet word ten einde uitvoering te gee aan bostaande beginsels

Kennis geneem.

B. AANBEVELINGS (Voeg by: B)

Die Moderator reël dat daar eers rondom die beginsel van verdeling gepraat word.

Die volgende sprekers neem deel:-

Ds. PJ Viviers (wat ook die voorstel indien, gesekon= deer deur ds. PL Bezuidenhout), Oudl. OT Doyer, ds. AJJ Labuschagne, ds. JJ Bester, ds. T Beukes, ds. LD Pienaar, ds. JH Wandrag (lg. 5 praat almal in belang van die versoek van Soekmekaar om by die Sinode van Noord-Transvaal te bly. Ds. Beukes dien ook 'n voorstel in), ds. PS Strümpfer, ds. DJ Viljoen. Hy dien 'n voorstel in om die uitvoering van die verdeling uit te stel tot in 1983.

Net voor verdaging vir ete praat ds. NJ Mostert. Die debat word onderbreek.

Koste van verversings

Op grond van 'n misverstand i.v.m. die betaling vir die verversings tydens teepouse, word goedgekeur dat 'n bedrag van die reiskostes afgetrek word om die rekening vir beide die oggend- en middag-verversings te kan betaal.

Na die middagete gaan die bespreking voort.

Dr. GJ Davidtsz dien 'n amendament (gesekondeer deur ds. C Colyn) in. Verder praat ds. EM van Graan, dr. PW Marais, dr. FE O'B Geldenhuys, ds. C Colyn, dr. AGS Gous, ds. AH Malan.

Nadat ds. Stassen 'n mosie van orde voorgestel het, nl. dat oorgegaan word tot stemming, lewer ds. P Viviers repliek.

Die voorstel voor die vergadering is dus die volgende:-

"Die Sinode keur die aanbevelings B1, 2, 3 en 4 op bl. 29-41 van die Agendaboek, soos deur die Sinodale Kommissie aanbeveel, goed."

PJ VIVIERS/PL BEZUIDENHOUT

Die amendament voor die vergadering is:-

"Die Sinode besluit:

1. Die hergroepering van gemeentes in die Sinode van Noord-Transvaal tot meer as een sinode word in beginsel goedgekeur;

2. Die Algemene Sinode van Oktober 1978 word ver= soek om aan die Breë Moderatuur volmag te ver= leen om, sou daar gedurende die reses ooreen= komste tussen sinodes rakende grenswysigings van bestaande sinodes sowel as van 'n moont= like nuwe sinode(s) in die gebied van Noord-Transvaal plaasvind, sodanige ooreenkomste en aanverwante aangeleenthede namens die Algemene Sinode ingevolge art. 32 van die Kerkorde, te bekragtig;

3. Die Dagbestuur van die bestaande Ad Hoc-komitee word met die mag van koöpsie versoek om ver= dere ondersoek in te stel na 'n moontlike nuwe sinodale gebied - ook met inagneming van moontlike grenswysigings van bestaande sinodes - wat 'n heelwat groter aantal gemeentes sal huis= ves as die tans voorgestelde Sinode van Oos-Transvaal en 'n gevolglik kleiner aantal ge= meentes in die Sinode van Noord-Transvaal, ten= sy meer as een nuwe sinodale gebied die oplos= sing sou blyk te bied wat as gevolg sal hê 'n ewerediger verdeling van gemeentes in die onderskeie sinodes;

4. Die ondersoek in 3 hierbo gemeld, word vir be= handeling aan die Sinodale Kommissie voorgelê wat 'n aanbeveling aan die Sinode in Oktober 1979 sal voorlê."

GJ DAVIDTSZ/C COLYN

Die voorstel van ds. DJ Viljoen lui soos volg:-

"Die Sinode besluit om die uitvoering van die her= groepering van die gemeentes van Noord-Transvaal uit te stel tot by die sinode van 1983 wanneer die saak, met die huidige verslag en besluite as uitgangspunt in heroorweging geneem kan word in die lig van nuwe gegewens en omstandighede wat in= tussen na vore mag kom.

Die aanbevelings i.v.m. die prosedure soos in punt 3.3 gestel, word dan in 1983 geïmplementeer.

Die Dagbestuur van die Ad Hoc-ondersoekkommissie gaan as Interimkommissie voort om uitvoering te gee aan die stappe wat nog moet uitgevoer word, o.a. die moontlike inskakeling van 'n deel van Sinode van Suid-Transvaal en 'n algemene hergroe= pering van Sinodes."

Die voorstel van ds. T Beukes/JH Wandrag lui soos volg:-

"Amendament op voorstel i/s afstigting (p. 29 Agenda pt. 1-2 Geografiese verdeling.)

Al die genoemde gemeentes van Soekmekaar ring, nl. Gravelotte, Laeveld, Letsitele, Phalaborwa,

Tzaneen, Tzaneen-Wolkberg, met moontlike uitsonde= ring van Kampersrus, bly by Noord-Transvaal."

Die Moderator reël dat daar eers oor die beginsel ge= stem word en stel dus punte 1.1 van die verslag en punt 1 van die amendament teenoor mekaar, nl.

Voorstel: Die hergroepering van gemeentes in 'n sinode van Oos-Transvaal word in beginsel goedgekeur.

Amendament: Die hergroepering van die gemeentes van Noord-Transvaal tot meer as een Sinode word in beginsel goedgekeur.

Die amendament word met slegs 3 teenstemme aanvaar.

Op hierdie stadium blyk dit duidelik dat daar groot on= sekerheid by die vergadering bestaan oor wat die verskil tussen die voorstel en die amendament presies behels as= ook oor wat die posisie nou is t.o.v. die oorblywende punte en voorstelle.

Tydens die verdaging vir tee beraadslaag die voorstel= lers saam.

Na die teepouse stel die Moderator die voorstel en die amendament van dr. Davidtsz in hulle geheel teenoor me= kaar. Die voorstel van ds. Viljoen word nie beskou as 'n amendament nie, aangesien dit net gaan oor punt 3.3 nl. die tydstip van uitvoering van die beginsel.

By stemming word die amendament met groot meerderheid die besluit van die vergadering.

Daarmee verval die voorstel van ds. Viljoen asook die voorstel van ds. T Beukes.

2. Sinodale Sentrum (Bl. 39)

Aangesien punt 2 dus nog oorstaan, stel die Mode= rator dit aan die orde, nadat geoordeel word dat die opdrag van die Sinode van 1975, punt 8 (kyk bl. 12) "verdeling" in die algemeen beteken en nie noodwendig van 'n spesifieke gedeelte nie. Daar kan dus nou 'n besluit geneem word in hier= die verband.

2.1 Kantoorakkomodasie

2.1.1 Goedgekeur.

2.1.2 Goedgekeur.

2.2 Sinodale Vergaderplek

Aanbeveling goedgekeur.

2.3 Uitvoering van besluite

Goedgekeur

4. Beskrywingspunte aan Algemene Sinode (bl. 41)

4.1 Goedgekeur.

4.2 Goedgekeur.

4.3 Goedgekeur.

4.4 Goedgekeur.

Die bykomende beskrywingspunte soos aan die vergade= ring uitgedeel en deur die Sinodale Kommissie aanbe= veel, kom nou aan die orde:-

Nadat dit aanvanklik goedgekeur is met die opdrag aan die Moderatuur om dit af te rond en te herrangskik indien nodig, wys die skriba op aanpassings wat in die lig van die nuwe besluit gemaak moet word, en word soos volg besluit:-

1. Vir kennisname: verval

2. Aanbevelings

2.1 Word soos volg gewysig:-

na 1978-04-27: "om te hergroepeer tot afsonderlike sinodes."

2.2 - na "elkeen van die Sinodes"
- "aan die te word gestigde Sinodes indien dit in die reses tot stand kom..."

Van al die bylaes, asook die uitgedeelde "Minderheids= verslag" word kennis geneem.

5. Versoeke van ringe en gemeentes en brief

Van die briewe van die Ring van Soekmekaar (bl. 328), die gemeente Premiermyn (bl. 329) en Oudl. OT Doyer word kennis geneem.

6. Aanbevelings van die Sinodale Kommissie

Afgehandel.

7. Ander sake

Hersiening van basis van punteberekening

Die verslag van die Sinodale Begrotingskommissie (aan einde van Agendaboek) kom ter tafel.

Ds. PS Strümpfer wys sekere tikfoute uit nl.:-

bl. 3 - 1.3 moet wees Plus/minus
bl. 4 - 2.4 skrap - 5. Kapitaal.

bl. 4 - 2.5 Skrap 5. Kapitaal
bl. 4 - 2.6 Skrap sin tussen hakies: (Nie uit kapitale inkomste of reserwe)

1. Inleiding Kennis geneem.

2. Wysiginge Kennis geneem.

3. Aanbeveling

Die volgende voorstelle kom ter tafel:-

3.1 Oudl. JJ Brits/ds. JZB Scholtz

"Die Sinode besluit dat

1. die aanbeveling slegs as 'n tussentydse reëling goedgekeur word;

2. die 5% aanslag op pastoriewaarde van tweede en verdere pastorieë verval (punt 1.3);

3. die waarde van leraarsposte op R18 000 gestel word (punt 2.1);

4. 'n kommissie benoem word om indringend onderskoek te doen na die uitgawes van die Sinode meer bepaald tot die uitgawes van die Sinodale sekretarisposte, gesien die ekonomiese toestande en gesien dat die hoë aanslae gemeentelike werk baie strem;

5. die Begrotingskommissie in die lig van sy onderskoek 'n gewysigde verslag by die volgende Sinode voorlê."

3.2 Ds MC Botha/Oudl. A van der Walt

"Die Sinode keur dit goed dat beide basisse vir punteberekening in die komende boekjaar ten opsigte van al die gemeentes deur die Begrotingskommissie gebruik word en dat aan die eersvolgende Sinode in 1979 gerapporteer word welke van die twee basisse vir berekening die mees bevredigende is.

Intussen word die huidige basis van berekening as geldende maatstaf behou waarvolgens die punte bereken sal word tot en met die volgende Sinodesitting."

3.3 Oudll. MB Cronjé/JM Cronjé

"Die Sinode besluit

1. Dat die gewysigde basis van punteberekening soos deur die Sinodale Begrotingskommissie aanbeveel, goedgekeur word tot die eersvolgende gewone Sinodale vergadering.

2. Die Sinodale Begrotingskommissie volmag verleen word om, wanneer die finansiële implikasies van die nuwe basis van berekening bekend is, te kan besluit om 'n maksimum persentasie vas te stel van Sinodale verpligtinge teenoor 'n gemeente se totale jaarlikse gemeentelike inkomste wat dit hoër as die gemiddelde persentasie vir al die gemeentes sal laat uitwerk.

3. In die reses deeglike ondersoek in te stel na die implikasies wat verskillende hoër persentasies as byvoeging by die bedrae wat vir Jeug, Evangelisasie, Diens van Barmhartigheid, Sending en Leer en Aktuele Sake as aftrekkings toegelaat kan word op die waarde van die punt sal hê.

4. Oorweging skenk daaraan om t.o.v. aftrekkings vir nie-sinodale sake 'n onderskeid te maak tussen die sogenaamde "nie-sinodale" uitgawes en uitgawes wat in werklikheid ontstaan deurdat 'n kerkraad besluit om 'n sinodale aangeleentheid gedeeltelik of in geheel oor te neem en onderskeid te maak t.o.v. die persentasie van die betrokke uitgawes wat as aftrekking van die totale puntetal toelaatbaar sal wees."

3.4 Oudl. ds. RJ Raath/DJH Coetzee

Die punt 1.3 oor kerklike geboue verval.

3.5 Ds. AP Louw/ds. C Nel

"Amendament: Gewysigde basis van punteberekening

Die Sinode besluit om (by hierdie vergadering) net kennis te neem van die aanbeveling van die Begrotingskommissie, aangesien:

1. dit nie moontlik was om die ingrypende finansiële implikasies aan kerkrade voor te lê nie;

2. die stelsel net vir een jaar in werking sal wees voor die volgende Sinode van Noord-Transvaal.

Die Sinode verwys die hele aangeleentheid terug na die Begrotingskommissie om na die aanhoor van die getuienis van Ringe en Kerkrade die saak weer te laat dien voor die volgende sitting van die Sinode."

Op 'n ordemosie van dr. GJ Davidtsz word soos volg besluit:-

"Die Sinode

1. verwys die onderskeie amendamente na die Sinodale Begrotingskommissie vir besinning en oorweging met die oog op 'n aanbeveling aan die

Sinodale Kommissie vir finalisering by sy ver= gadering van November 1978;

2. Keur punt 2.4 nl. vervroegde betalings goed."

Onaanvaarbare geloofsbrief

Die Aktuarius wys die Sinode daarop dat die geloofsbrief van die gemeente Middelburg nie in orde is nie, aangesien ds. T van Nieuwenhuizen nog nie aldaar bevestig is nie.

Die Sinode trek dus sy goedkeuring van hierdie afgevaardigde terug. Hy is dus nie lid van hierdie Sinode nie.

Aktuarius

Die Aktuarius bring onder aandag van die predikante dat hy ds. C Colyn is en nie ds. CC Colÿn nie. Lg. is predikant van Swartruggens en die verwarring veroorsaak vertragings.

Voorstel i/s reiskostes

'n Onbestrede mosie insake afstaan van 'n deel van die reiskostes lok besware uit en is dus onaanvaarbaar.

Meegevoel

Die Moderator spreek meegevoel uit namens die Sinode teen= oor die naasbestaandes van die volgende persone wat onlangs oorlede is:-

Ds. JPH Gertenbach, dr. AJ van der Merwe (skoonvader ds. PA Pienaar), die vader van ds. P Grobler, die eggenote van ds. MJ le Roux van Camden.

Notule

Op 'n vraag aanvaar die Sinode dat die Moderatuur die notule onderteken.

Bedankings

Die Moderator bedank die vergadering en veral die Ad Hoc-ondersoekkommissie vir hulle groot werk. Hy bedank ook die Kerkraad en susters van Universiteitsoord en die ander twee gemeentes nl. Pretoria-Oos en Derdepoort vir hulle gasvry= heid tydens die vergadering.

Afsluiting

Oudl. DA Krüger sluit met gebed om 17h30.

Sinodale Kommissie vir finalisering by sy ver= gadering van November 1978;

2. Keur punt 2.4 nl. vervroegde betalings goed."

Onaanvaarbare geloofsbrief

Die Aktuarius wys die Sinode daarop dat die geloofsbrief van die gemeente Middelburg nie in orde is nie, aangesien ds. T van Nieuwenhuizen nog nie aldaar bevestig is nie.

Die Sinode trek dus sy goedkeuring van hierdie afgevaardigde terug. Hy is dus nie lid van hierdie Sinode nie.

Aktuarius

Die Aktuarius bring onder aandag van die predikante dat hy ds. C Colyn is en nie ds. CC Colÿn nie. Lg. is predikant van Swartruggens en die verwarring veroorsaak vertragings.

Voorstel i/s reiskostes

'n Onbestrede mosie insake afstaan van 'n deel van die reiskostes lok besware uit en is dus onaanvaarbaar.

Meegevoel

Die Moderator spreek meegevoel uit namens die Sinode teen= oor die naasbestaandes van die volgende persone wat onlangs oorlede is:-

Ds. JPH Gertenbach, dr. AJ van der Merwe (skoonvader ds. PA Pienaar), die vader van ds. P Grobler, die eggenote van ds. MJ le Roux van Camden.

Notule

Op 'n vraag aanvaar die Sinode dat die Moderatuur die notule onderteken.

Bedankings

Die Moderator bedank die vergadering en veral die Ad Hoc- ondersoekkommissie vir hulle groot werk. Hy bedank ook die Kerkraad en susters van Universiteitsoord en die ander twee gemeentes nl. Pretoria-Oos en Derdepoort vir hulle gasvry= heid tydens die vergadering.

Afsluiting

Oudl. DA Krüger sluit met gebed om 17h30.

V E R S L A G VAN DIE

SINODALE KOMMISSIE AAN DIE

BUITENGEWONE SINODE VAN APRIL 1978

INSAKE DIE VERSLAG VAN DIE AD HOCONDERSOEK= KOMMISSIE I/S VERDELING VAN DIE SINODE VAN NOORD-TRANSVAAL EN 'N ANDER SAAK

---oOo---

Die Sinodale Kommissie het op sy vergadering van 26 April 1978 soos volg besluit:-

1. Ter wille van volledigheid word meegaande Bylae B4, nl.

> "Minderheids verslag t.o.v. aanbeveling van die Subkommissie Synodus Contracta van die Ad Hoc= ondersoekkommissie i/s moontlike verdeling van die Sinode van Noord-Transvaal - Ds NJ Mostert",

by die verslag van die Ad hocondersoekkommissie gevoeg vir kennisname deur die Sinode.

2. Die Sinodale Kommissie besluit om Aanbevelings B 1, 2, 3 en 4 (op bll. 29-41 van die Agendaboek) van die Ad hoc= ondersoekkommissie i/s moontlike verdeling van die Sinode, te ondersteun en beveel dit aan vir goedkeuring deur die Buitengewone Sinodesitting van Noord-Transvaal op 27 April 1978.

3. Die bykomende beskrywingspunt wat na die Algemene Sinode opgestuur moet word, word hierby aangeheg.

4. Verdere aanbeveling

Die Sinodale Kommissie beveel aan dat die verslag van die Sinodale Begrotingskommissie insake 'n gewysigde basis van punteberekening deur die Buitengewone Sinode behandel word.

Nota: Die SK het hierdie besluit reeds in April 1977 geneem sodat die nuwe basis reeds vir 1979 in gebruik gestel kan word.

DJ VILJOEN
SKRIBA SINODALE KOMMISSIE

MINDERHEIDSVERSLAG T.O.V. AANBEVELING 1 VAN DIE SUB-KOMMISSIE/SYNODUS CONTRACTA VAN DIE AD HOC-ONDERSOEKKOMMISSIE I/S MOONTLIKE VERDELING VAN DIE SINODE VAN NOORD-TRANSVAAL..... N.J.Mostert.

Broeder Voorsitter en Broeders,

Ek probeer so ver moontlik in lyn bly met die inhoudelike van die gemelde sub-kommissie se verslag en gebruik ook telkens die numerering van die verslag by verwysings, met dankbaarheid dat ek hierdie verslag mag indien en van die sub-kommissie se verslag mag gebruik maak.

1. Historiese agtergrond van verteenwoordiging in meerdere kerklike vergaderings hier ter lande.

Vir meer as 150 jaar handhaaf die Ned.Geref.Kerk hier ter lande die beginsel dat elke plaaslike kerk regstreeks(fisies) verteenwoordig moet wees in sy meerdere vergaderings, met die uitsondering van die Algemene Sinode sedert 1962.

'n Feit wat m.i. baie bygedra het tot die gekonsolideerde front wat die kerk hier ter lande kon openbaar t.s.v. die snelveranderende aangesig van die maatskaplike lewe en baie ander ontwrigtende faktore.

Die gedagte van 'n synodus contracta spook reeds sedert 1826 (Acta Synodi 1826 - p.46) by herhaling in sinodale kringe en is sedertdien herhaaldelik en sonder seremonie teruggestuur na sy graf. Volgens Kleynhans het selfs die Kaapse Goewerneur van destyds teen 'n synodus contracta gereël.

Die enigste werklike vrug wat al dié debatte gehad het, was die instelling van die Algemene Sinodale Kommissie in 1842(NB.Reeds in 1829 gesuggereer deur die kommissaris-politiek D.F.Berrangé),wat,in gesprek met H.Bouwman,gesien kan word as 'n synodus contracta.

Die reëling dat alle diensdoende predikante die sinode moet bywoon dateer reeds uit die Kerkorde van De Mist en is suiwer in praktyk gebring by die eerste sinode in 1824 op aandrang van die Kaapstadse Kerkraad. Daar moet op gelet word dat hierdie reëling direk verband hou met die stadsgemeente met sy groter konsentrasie van lidmate,belange,inrigtings ens.

Vir Eybers is dit dan ook heeltemaal billik en in lyn met die gereformeerde beginsel dat die groter plaaslike kerk groter verteenwoordiging kry in die meerdere vergaderings omdat hulle groter belange op die spel het.

Hierdie beginsel is in 'n bepaalde sin ook gehandhaaf deur die Algemene Sinode (K.O.Art.38),wat eintlik 'n sinode van sinodes is,deurdat die groter sinode groter verteenwoordiging gegee is.

Die aanbeveling van die kommissie hou m.i.,in sy kontinué,noodwendig in dat uiteindelik afgesien moet word van regstreekse verteenwoordiging van die plaaslike kerk in die sinode en aldus 'n wegbreek van die historiese gang. Die saak kan nie op hierdie tydstip afgemaak word met "wat in die toekoms lê is weer 'n ander saak" nie. Die geskiedenis laat baie duidelik blyk dat die Ned.Geref.Kerk hier ter lande, t.s.v. allerlei invloede van buite, verkies het om 'n eie pad te loop.

2. Die posisie van die Ned.Geref.Kerk in die Gereformeerde familie(Kyk pt.3.5 op p.11 van die kommissie se verslag)

In hierdie onder-afdeling word herhaaldelik gepraat van "ander kerke" sonder om duidelik te vermeld watter ander kerke vermeld word. My vermoede is dat die ander twee susterskerke t.w. die Ned.Herv.Kerk van Afrika en die Gereformeerde Kerk in S.A. bedoel word en dan is dit nodig dat die bewerings gepresiseer word.

By die Ned.Herv.Kerk van Afrika is die posisie soos volg(Kyk Kerkwet Artt.7 en 10):

Na die ring word afgevaardig:

Alle diensdoende predikante in die betrokke ressort.
Een ouderling uit elke gemeente.
Een diaken uit elke gemeente.

Na die sinode(Algemene Kerkvergadering) word afgevaardig:

Alle diensdoende predikante.
Een lid uit elke kerkraad.

By die Gereformeerde Kerk in S.A. is die posisie soos volg(Kyk Artt.41,47 en 50 van die Kerkorde van gemelde Kerk soos uiteengeset in Handleiding by die Kerkorde)

Na die klassis word afgevaardig een bedienaar van die Woord en een ouderling uit elke plaaslike kerk(met voorsiening vir voorkomende vakatures).

Na die partikuliere sinode(sedert 1958) word 16 afgevaardigdes uit elke klassis in sy ressort gestuur met hierdie motivering:"Die reformatoriese beginsel is dat die aantal nie te klein moet wees nie sodat daar nie hiërargie of oligargie ontstaan nie."

Na die Nasionale Sinode(sedert 1958) stuur elke partikuliere sinode 8 afgevaardigdes per klassis in sy ressort.

Die posisie van die Ned.Geref.Kerk in die kring van die susterskerke hier ter lande is dus eintlik nie so vreemd en eiesoortig as wat die verslag te kenne wil gee nie. Die Ned.Geref.Kerk het net maar meer gestreef om die gereformeerde ideaal van 'n synodus plena te verwesenlik as bv. die Gereformeerde Kerk in S.A. Die ander twee kerke bevind hulleself nog steeds in baie goeie gereformeerde geselskap.

T.o.v. pt.3.5.5. moet ook duidelikheidsonthalwe opgemerk word dat die Sinode van Dordrecht(1618-19) se besluit t.o.v. die klassis vir byna 300 jaar gehandhaaf is nl.dat alle predikante die klassis moet bywoon met keurstem. Trouens die Sinode van Tholen het reeds in 1602 so gereël. Die klassis is tog ook 'n meerdere vergadering. Die huidige samestelling van die klassis in Nederland dateer vanaf 1905.

3. Opmerkings oor anti-verdeling argumente soos vervat in pt.3.8 - p.13 van die verslag.

3.1. Dit gaan nie vir my heeltemaal op dat sinodes juis rondom stedelike sentra gedy nie. Ek dink nie Johannesburg was juid die saambindende faktor toe Suid-Transvaal afgestig het nie en nog minder Potchefstroom vir Wes-Transvaal. Natal is nog steeds verdeel tussen Durban en Pietermaritzburg en Suidwes was 'n hele klompie jare verdeel tussen Windhoek en Walvisbaai.
Elke sinode kies sy eie sentrum om 'n verskeidenheid van redes. Dit is nie die sentrum wat die sinodale ressort bepaal nie maar die sinodale ressort wat die sentrum bepaal.

Algemeen gesproke is Pretoria nog steeds die saambindende faktor vir die hele Transvaal en kerklik gesproke sal dit waarskynlik in 'n bepaalde opsig 'n saambindende faktor bly al kom daar nog veel verdeling,maar dan nie omdat dit stad is nie.

3.2.Dat ons volk mobiel geword het is baie waar, maar vir my is dit belangrik dat beplanning en behartiging geskied daar waar die domisilium is.

3.3.T.o.v. samewerking tussen verskillende sinodes(pte.3.8.5 tot 3.8.8.) dink ek die kommissie behoort meer vertroue aan die dag te lê dat verskillende sinodes mekaar meer sal vind as daar meer doelbewuste pogings tot skakeling van stapel gestuur word.

3.4.Die bewering dat snelweë en toename in lugvervoer afstande laat krimp, is 'n bietjie naïef. Huidig is die teendeel juis waar dat reiskoste en brandstofrantsoenering afstande laat rek en dat nader sentra gesoek moet word.

3.5.Skakeling tussen owerhede en sinodale kommissies en algemene sinodale amptenare (pt.3.8.10.van die verslag). Hierdie bewering van die kommissie kan impliseer dat die werkende personeel van sinodale kommissies liefs moet bestaan uit inwoners van Pretoria en nie lede wat verderaf woon nie.

4. Gedesentraliseerde werkswyse by wyse van belange-sinodes.

Alhoewel dit slegs as 'n moontlikheid aangebied word deur die kommissie,dien bogemelde tog as regverdiging vir die verkleining van die sinode en daarom lewer ek kommentaar daarop.

4.1.Om so'n belange-sinode maar enigsins kerkregtelike status te gee, sal die Algemene Sinode 'n wye draai met die Kerkorde moet laat loop. Daarenteen vra verdeling soos ek dit voorstel geen wysiging van die Kerkorde nie. Ook nie t.o.v. Art.5 nie.

4.2.M.i. sal die desentralisasie óf die sinode laat ontaard in 'n rubberstempel óf die belange-sinode bring tot gesag sonder gesag en/óf dalk 'n voortdurende en wrywende korrespondensie tussen sinode en belange-sinode tot gevolg hê.

4.3.In die gereformeerde kerkreg vind ek nêrens 'n spoor waarop ek so'n gesagslose, adviserende belange-sinode kan laat koers kry nie. Dit sal steeds net 'n konferensie of hoogstens 'n kommissie van die sinode kan wees. Ook in die Skrif vind ek nie regverdiging vir so'n "kerklike vergadering" nie.

4.4.Alhoewel dit op hierdie stadium moeilik is , vanweë onbekendheid van sentra ens., om die koste verbonde aan so'n gedesentraliseerde werkswyse te bepaal, wil ek tog meen dat dit vir die Kerk in globaal meer gaan kos as verdeling en moontlike federale band tussen sinodes. Ek kan my voorstel dat daar nog meer heen-en-weer gery gaan word tussen Pretoria en ander sentra as tans en terselfdertyd moet daar ook gereis word tussen plaaslike kerk en belange-sinode sentrum (nie net ter wille van vergaderings van die belange-sinode nie, maar ook ter wille van die administreer van die belange-sinode). Veral na aanleiding van pt.3.9.3.(- p.14 van die verslag).

4.5.Dit is my oortuiging dat veral die stadsgemeente,wat moeiliker kan afstig as die platteland, onbillik geraak sal word deur verkleining van die sinode.

Verkleining kan meebring dat die stem van die stadsgemeentes, wat 'n groep vorm vanweë belange gekonsentreer in die stad, nie kan staan teen die stem van ander gemeentes wat andersdenkend mag wees nie. Die geskiedenis leer dat dit juis die stadsgemeente(met sy groter belange) was, wat deur die K.O. van De Mist ook groter verteenwoordiging gegee is.

Verre is dit van my om die stadsgemeentes teenoor die plattelandse gemeentes af te speel. Die huidig voorgestelde geografiese verdeling is juis vir my sinvol(ook die motivering daartoe), maar ek moet tog in die oë kyk dat slegs 49% van die predikante van die voorgestelde sinode van Noord-Transvaal 'n verkleinde sinode(soos gesuggereer) sal kan bywoon teenoor 78% van die voorgestelde sinodes van Oos-Transvaal en Verre Noord-Transvaal. In getalle beteken dit huidig wel net 186 afgevaardigdes teenoor 200 afgevaardigdes maar desentralisasie van nywerhede is 'n voldonge feit wat die vermeerdering van plattelandse gemeentes waarskynliker maak as vermeerdering van stadsgemeentes.

Verkleining-in-kontinué sal die samestelling natuurlik nog erger raak.Dit kan uiteindelik meebring dat 'n uitgebreide gemeente met groot belange net deur 'n ouderling/predikant of nog verder net deur 'n ringsafgevaardigde verteenwoordig word in die sinode. Dit is die posisie vandag in Nederland en teenoor dié stelsel merk ek met die grootste vrymoedigheid op: Die vertes tussen algemene kerklike publiek en sinodale besluite, soos m.i. aan die lig gekom het met besluite oor ondersteuning aan sogenaamde "vryheidsvegters", noop my om die kerklike inrigting hier ter lande ten alle koste uit daardie geselskap te hou.

5. Minderheidsvoorstel. Ek wil dan volstaan met my oorspronklike voorstel in die kommissie en soos bekend gemaak aan die dagbestuur van die Ad hoc-ondersoekkommissie:

5.1. Dat die ad hoc-ondersoekkommissie voortgaan om die mees praktiese verdeling van die sinode van Noord-Transvaal te ondersoek en sy bevinding aan die buitengewone sinode voor te lê.

5.2. Dat op hierdie stadium gekonsentreer word op 'n federale liggaam vir die sinodes van Noord-Transvaal vir die behartiging van gemeenskaplike belange en te poog om die ander sinodes van Transvaal se samewerking te verkry ter wille van behoorlike koördinasie .

5.3. Dat die magte van hierdie federale liggaam voorlopig per delegasie kom uit die sinodes van Noord-Transvaal en later op dieselfde wyse uit al die sinodes van Transvaal.

5.4. Dat die sinodes van Noord-Transvaal voor verdeling gebind word aan verantwoordelikhede soos uitgevoer moet word deur die federale liggaam.

5.5. Dat verteenwoordiging in hierdie federale liggaam beperk word op 'n wyse wat uitgawes behoorlik in gedagte hou.

5.6. Dat die Algemene Sinode gevra word om deeglik ondersoek in te stel na die skepping van 'n sinode wat 'n posisie net voor die Algemene Sinode sal beklee bv. Sinode,Provinsiale Sinode(van Transvaal ens.),Nasionale Sinode (huidige Algemene Sinode)

@@@@@@@@@@@@@@@@
@@@@@@@@@@@@@@
@@@@@@@@@@@

BESKRYWINGSPUNT AAN ALGEMENE SINODE

I/S HERGROEPERING

Die Sinode van Noord-Transvaal het op 'n Buitengewone Sinodesitting, gehou op 27 April 1978, besluit om die volgende beskrywingspunt aan die Algemene Sinode van 1978 voor te lê:-

1. Vir kennisname

1.1 As gevolg van die feit dat die Sinode van Noord-Transvaal reeds op een na uit 200 gemeentes bestaan met nagenoeg 278 000 lidmate (doop en belydend) en 343 leraars, sodat die Sinode reeds uit 686 afgevaardigdes kan bestaan, het die Sinode in 1975 'n sterk ad hocondersoekkommissie saamgestel wat 'n oplossing moes vind vir die probleem van 'n te groot Sinode.

1.2 Na 'n 2½-jaarlange studie waarin talle aspekte van die situasie indringend ondersoek is, ('n verslag van meer as 300 bladsye) is op 27 April 1978 deur 'n Buitengewone Sinode besluit op 'n hergroepering van die gemeentes van Noord-Transvaal sodat 'n nuwe Sinode vir Oos-Transvaal tot stand kan kom.

1.3 Die nuwe Sinode sal bestaan uit 62 gemeentes en ongeveer 25% van die huidige lidmate van Noord-Transvaal sal daaronder ressorteer.

1.4 Die tans bestaande Sinode van Noord-Transvaal bly as regspersoon voortbestaan en 'n nuwe regspersoonlikheid word deur die nuwe groepering van gemeentes gevorm.

1.5 Noukeurige beplanning van werksaamhede en ooreenkomste in verband met noodsaaklike reëlings is reeds gedoen.

1.6 Die beoogde in werkingtreding van hierdie hergroepering is tydens die Sinodesitting van Noord-Transvaal 1979.

2. Aanbeveling

2.1 Die Sinode besluit op grond van Art. 32 van die Kerkorde en na goedkeuring van die Sinode van Noord-Transvaal op 'n Buitengewone Sinodesitting op 1978-04-27 om 62 gemeentes geleë in Oos-Transvaal te hergroepeer tot 'n afsonderlike Sinode van Oos-Transvaal.

2.2 Die Sinode besluit om op grond van Art. 38.1 van die Kerkorde wat lui dat die Algemene Sinode saamgestel worduit 50 afgevaardigdes, d.w.s. 25 leraars en 25 ouderlinge van elkeen van die Sinodes, aan die nuwe Sinode van Oos-Transvaal indien dit in die

reses tot stand kom, die bogemelde aantal afgevaar= digdes toe te ken met die oog op die Algemene Si= node van 1982.

Die motivering vir hierdie aanbeveling is soos volg:-

1. Die Algemene Sinode het in 1965 tot stand gekom o.a. op die beginselgrondslag van gelyke verteenwoordiging van die verskillende Ned. Geref. Kerkverbande. Hier= die beginsel van gelyke verteenwoordiging deur die onderskeie Sinodes is weer tydens die Algemene Sinode 1966 te Bloemfontein herbevestig. (Acta Synodi p. 481, 563).

2. Dit is ook 'n erkende gereformeerde beginsel dat een kerklike vergadering nie oor 'n ander kerklike ver= gadering mag heers nie en hierdie beginsel moet steeds van krag bly in die samestelling van die Algemene Sinode anders verval die basis van kerkvereniging.

3. Die besluit van die Algemene Sinode van 1974 om die getal van afgevaardigdes vas te pen op 500 (Acta Synodi 1974 p. 138, 587) is 'n ongeoorloogde besluit omdat dit in stryd is met Kerkorde en die beginsel van gelyke verteenwoordiging in die gedrang bring. Van sodanige voorneme moes behoorlik kennis gegee gewees het en die besluit moes met 'n $^2/_3$ meerder= heid geneem gewees het omdat dit wysiging van die Kerkorde impliseer. Dit het nie geskied nie dus kan die besluit nie staan nie omdat die Algemene Sinode tog nie 'n besluit in stryd met sy eie Kerkorde kan neem nie.

4. Die presedent wat reeds met die verdeling tussen Suid- en Wes-Transvaal geskep is in verband met die getal afgevaardigdes, was in lyn met die beginsel van gelyke verteenwoordiging en moet ten opsigte van 'n herdeling tussen Noord- en Oos-Transvaal gehand= haaf word.

C COLYN

DJ VILJOEN

In opdrag van die KO Kommissie